**18 November**

## In die arms van die onvergelyklike God is ons veilig

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 33**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 33:27-29**

Daar is altyd beskerming, hoop en uitsig vir God se volk. Hy sorg daarvoor en niemand kan Hom keer nie, want Hy is onvergelyklik. “Jerusalem, daar is niemand soos God nie, Hy ry deur die hemel om jou te kom help, in sy majesteit ry Hy op die wolke” (vs 26)

Met hierdie woorde troos en seën Moses vir Israel voor sy dood, soos ’n vader dit vir sy kinders in daardie tyd gedoen het. Met hierdie sekerheid kon die volk ná Moses se dood die toekoms ingaan. Hulle kon by die Here skuil, Hy sou hulle mildelik versorg en hulle vyand verdryf. So kon hulle rustig woon in ’n land van koring en wyn. Die onvergelyklike God het sy volk ook onvergelyklik gemaak, want Hy het hulle verlos. Hy het alles vir hulle moontlik gemaak.

Wie anders as God se volk kan vandag met volle sekerheid die toekoms ingaan? Wie anders as hulle weet dat hulle in elke situasie, ja voortdurend in God se kragtige arms ook die ewigheid in gedra word? Dit is net ons wat in Jesus Christus glo wat so bevoorreg is. Ons is deur Hom verlos en onvergelyklik gemaak. Onvergelyklik, want Hy gee aan ons die mag deur die Heilige Gees om ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons sondige natuur te oorwin.

Hy werk in ons met dieselfde krag waarmee Hy Jesus Christus uit die dood opgewek het, sodat ons nou en in die ewigheid saam met Christus kan regeer.

*Sing: Psalm 89:3 (1936-beryming)* *Ds. JB du Plessis (Lichtenburg)*